# Die Matie

SELFSTANDIGE MONDSTUK VAN STELLENBOSSE STUDENTE SEDERT 1941

VERKIESINGSUITGAWE 1992



Geborg deur
NEDBANK


# Maties klop Ikeys 30-17 op Nuweland

Deur NIELS MOMBERG

MATIES se eerstespan het Saterdag hul kritici se monde stil gespeel toe hulle die Ikeys met 30-17 op Nuweland verslaan het.

Die grondslag vir die oorwinning is in die lynstane gelê waar Louis Blom en Nico Wegner se oorheersing aan die belaglike gegrens het.

Wegner se vertoning in die ander fasette van die spel was ook uitstaande. Alewyn Voster se drie is juis deur 'n puik Wegner-aangee aangevoer. Mornay Visser was ook skitterend op dreef. Hy het die Ikeys gou op die agtervoet geplaas met sy puik dryfspel.

Die groot verrassing was egter die Matie-lostrio. Met Gary Fyvie aan die spits het hulle die stryd na die losbal lag-lag gewen. Die Matiekaptein, Frankel Engelbrecht, het die hoogaangeskrewe Andrew Aitken op die dag se spel heeltemal oorskadu.

Stellenbosch was in die skrums ook die beste daaraan toe, en Jaco Coetzee het vir Andrew Lanning harde bene laat kou.

Die jong agterlyn het wel 'n paar foute begaan, maar by tye getoon dat Matie-rugby 'n blink toekoms het. Pieter O'Neill het 'n paar oordeelsfoute begaan, maar sy vermoë om sy senters en vleuels aan die gang te kry was 'n fees om te aanskou.

Op senter het Erich Lubbe en Anton van Lierop vir Julian Hallkett finaal uitgewys vir die power speler wat hy is. Die vraag kan met reg gevra word wie op dees aarde sy insluiting in die WP-span aangevoer het.

Jaco Taute het op vleuel en later op senter getoon waarom hy as dié speler van die toekoms gereken word. Hy het [illegible] opponente na willekeur [illegible] met sy krag en [illegible]

Wat die oorwinning soveel soeter maak, is die aantal provinsiale spelers in die Ikey-span. Hopelik sal die sogenaamde ringkoppe van WP-rugby weer begin kies op talent eerder as in klubverband.

Altesaam agt spanne het oor die Intervarsity-naweek teen UK meegeding en Stellenbosch het al hierdie wedstryde gewen. Die tellings van die vyf Matie-spanne was: Maties I 30-17, Maties II 33-29, Maties III 23-14, Maties IV 7-6, Maties V 31-3. Drie Matie-koshuise het ook op die rugbyveld met Ikey-koshuise meegeding. Die telling was: Helshoogte klop Brece 8-3, Oude Molen klop Medics 17-0 en Wilgenhof verslaan Smuts 50-3.



Die Matie-losskakel Peter O'Neill word skouerhoog van die veld gedra ná die Maties se oorwinning van 30-17 Saterdag op Nuweland. Foto: PIETER MALAN

# Net regverdige volkstaat het 'n toekoms

Deur WILKUS DU TOIT

INTELLEKTUELE regverdigbaarheid is 'n voorvereiste vir die totstandkoming van 'n Afrikanervolkstaat, het dr Denis Worrall, DP-LP vir Berea, Maandag in die Sanlamsaal gesê.

Dr Worrall, 'n voormalige medeleier van die DP, was die eerste van 'n reeks sprekers wat dié week deelneem aan die volkstaatweek wat deur die Afrikaner Vryheidstigting (Avstig) georganiseer is.

Volgens dr Worrall moet die volkstaatbeweging bevry word van die stigma van apartheid. Hy het gesê soortgelyke organisasies kan nie meer bekostig om voorskriftelik op te tree teenoor ander etniese groepe nie en moet hulle bepaal by die stigting van 'n eie volkstaat.

Dr Worrall het die totstandkoming van Israel as voorbeeld gebruik en gesê die Afrikaner se aanspraak op 'n eie staat is net so geregverdig soos dié van die Joodse volk. Hy het gesê dit sal egter nog lank duur voordat praktiese probleme uit die weg geruim sal kan word.

'n Nie-rassistiese Afrikanerparty sal volgens dr Worrall daarop geregtig wees om te beding vir 'n eie grondgebied. Hy het gesê hy ondersteun die gedagte dat KP-lede van dié party wegbreek om 'n nie-rassistiese party te vorm wat aan die onderhandelingsproses sal deelneem.

Die lewensvatbaarheid van 'n Afrikanervolkstaat word Saterdag op 'n simposium in die Vrouevereningingsaal bespreek. Sprekers sluit in prof Deon Geldenhuys van RAU en 'n lid van die ANC se nasionale uitvoerende komitee, mnr Muhammed Valli.

# SAP wil soekgeld terughê

DIE Suid-Afrikaanse Polisie gaan probeer om die koste van die soektog na mnr Hannes Verhoef te verhaal, het die skakeloffisier van die SAP in Wes-Kaapland, kol Gys Boonzaaier, gister gesê.

Mnr Verhoef, tot onlangs 'n inwoner van Simonsberg, het vandeesweek landwyd opslae gemaak deur die polisie onder die indruk te bring dat hy verdrink het, terwyl hy in werklikheid na Botswana vertrek het.

'n Kriminele klag word ook ondersoek, het kol Boonzaaier gesê. Hy het gesê die geld wat deur die onnodige soektog vermors is, sal verhaal moet word, aangesien dit belastingbetalersgeld is wat gebruik is. Hy wou nie spesifiseer oor wie vir die geld verantwoordelik gehou gaan word nie.

Verlede week is in *Die Matie* berig dat mnr Verhoef langs die kus by Hermanus vermis word, en dat 'n polisiesoektog na sy liggaam toe reeds meer as vier dae aan die gang was. Vandeesweek het dit egter aan die lig gekom dat mnr Verhoef sy verdwyning maande vantevore reeds beplan het, en in werklikheid die geleentheid gebruik het om in die geheim per trein na Botswana te reis.

'n Inwoner van Huis Marais en jarelange vriend van mnr Verhoef, mnr Francois Laubscher, het op 1 Augustus aan die polisie gerapporteer dat mnr Verhoef verdwyn het nadat hy in die see by Grottostrand in Hermanus gaan swem het. 'n Grootskaalse soektog na mnr Verhoef se liggaam het gevolg, en sy ouers het spesiaal vanuit die Transvaal na die Kaap gereis om die soektog mee te maak. Sy vader, mnr Francois Laubscher, was op die punt om 'n helikopter te huur om met die soektog te begin, toe onraad vermoed is.

'n Werknemer van Spoornet op Stellenbosch, me Thea Nel, het agterdogtig geraak toe sy mnr Verhoef se naam op 'n treinbespreking met koerantberigte oor sy verdwyning verbind het. Sy het vroeër vir mnr Verhoef 'n treinkaartjie na Kimberley bespreek, en van daar na Mafikeng. Daar is toe per rekenaar vasgestel dat mnr Verhoef op dieselfde dag wat hy verdwyn het, op die Trans-Karoo vanaf Kaapstad na Kimberley vertrek het. Op 2 Augustus het hy verder na Mafikeng gereis.

Mnr Laubscher het hierdie week ná ondervraging deur die polisie erken dat hy en mnr Verhoef die verdwyning bewerkstellig het, vermoedelik as gevolg van mnr Verhoef se swak semesterpunte. Mnr Verhoef het vermoedelik geglo dat indien daar vermoed word dat hy dood is, sy ouers nie sy beursverpligtinge sou hoef na te kom nie.

# Baie beamptes en min beserings by rugby

Deur PIETER BRUWER

ALTESAAM 114 polisiebeamptes het Saterdag met Intervarsity op Nuweland help toesien dat slegs twee ernstige beserings langs die veld voorgekom het. Dit is benewens die beamptes van die onderskeie universiteite wat hulle medestudente van die veld probeer afhou het.

'n Woordvoerder van die Suid-Afrikaanse Polisie, AO Francois Barnard, het gesê alhoewel ondersteuners aan die Universiteit van Kaapstad se kant van die pawiljoen hulle soms sleg gedra het, beserings onder toeskouers gering was. 'n Aantal studente het wel dronkenskap as verskoning gebruik om goedkoop oornagplek in die Claremont- en omliggende polisiestasies te bekom. Geen klagtes van 'n ernstige aard is gelê nie.

Slegs twee ernstige beserings het van die veld af plaasgevind. 'n Inwoner van die UK se Driekoppenmanskoshuis, mnr Gregory Guy, het sy nek verstuit toe hy na afloop van die wedstryd met 'n laagvat van agter deur 'n onbekende persoon neergetrek is.

'n Woordvoerder van UK se studentegesondheidsdiens, dr Wendy Orr, het gesê 'n student moes Maandag steke aan 'n kopbesering kry nadat hy Saterdag tydens Intervarsity beseer is.

Volgens 'n woordvoerder van die US se studentegesondheidsdiens, me Rolene Olivier, is geen Intervarsity-verwante gevalle aangemeld nie. Verskeie beseerdes het hulself wel die oggend ná die "down-downs" aangemeld.

Hospitale rondom Nuweland het geen voorvalle verwant aan Intervarsity gerapporteer nie.


NEDBANK
AS JY ERNSTIG IS OOR GELD

NOMINASIES

# SR-kandidate



## RAINER GILICH

Studentenommer: 89-22284
Kursus: LLB II
**Voorsteller:** Daniel Erasmus (SR-lid: Studentebelange en Neelsie)
**Sekondante:** ohan van der Merwe (SR-Ondervoorsitter), Gregory Botha (SR-lid: Spog), Ilse Hanekom (Prim: Nerina), Johann Archer (TSR) en André van der Spuy (SR-lid)
**Curriculum Vitae:**
**Skool:**
Hoofseun: Centaurus Hoërskool
SWA boogskietkampioen (1985)
SA 0/18 boogskietkampioen (1986)
Rotariër Uitruilstudent na Kanada: Gee meer as 35 toesprake aan Rotariër-klubs en skole in Kalifornië, Vancouver tot Toronto
Lid van eerstespan sokker vir Vanderhoof Secondary School
Kampioen: 200m North Western Districts B.C. Kanada.
**Universiteit:**
Lid van Helshoogte Karnavalkomitee (89-90)
Voorsitter: Helshoogte Karnavalkomitee (90-91) - derde plek in Smoegkompetisie
Lid van Helshoogte sokkerspan (89-90) Lid van Helshoogte HK en Raadgewer (90-91)
Verwerf BA (Regte) (91)
Lid van US Karnavalkomitee (vlotoptogte)
Lid van SR-subkomitee: Leierskapsontwikkeling (91-92)
Lid van SR-subkomitee: Studentebelange (91-92)
Stellenbosch Regshulpkliniek
Verteenwoordig US Regsfakulteit by Suidelike Afrika Menseregte Skynhofdebat in Zimbabwe in September 92
**Portfeuljekeuses:**
1. Spog
2. Leierskapsontwikkeling
**Beleidsverklaring:**
WITH the changing political environment that is characteristic of South Africa today I feel that the student council must adapt and meet the challenge. As the saying goes - adapt or die: the dinosaur didn't and look what happened to it!

For this reason I have decided to stand for the student council this year. It has become increasingly important that the student council identify student needs and then try to accomodate them. Personally, I would like to see the debate forum for Spog becoming even wider in its field of application to include political, cultural and economic debates. And, in doing so, it should allow students to formulate more accurate perceptions with regard to their country based on first hand experience.

Further, with the job market becoming increasingly competitive and with fewer and fewer jobs being available, I will set up professional management workshops. The aim here would be to make Stellenbosch students more competitive in the job market by being taught different skills, eg how to conduct a successful job interview and improve management skills.

In short, I would make it my goal to respond to student needs and then provide students with further necessary skills to be more rounded, competitive and successful.



## ANGELIQUE HEERINK

Studentenommer: 89-20559
Kursus: LLB II
**Voorsteller:** Erica Venter (SR-voorsitter)
**Sekondante:** Chris Lombard (Voorsitter: Primkomitee), Beukes Nel (Prim: Wilgenhof), Johannes van Niekerk (NP-voorsitter), Casper Oelofsen (WP- en Matie Rugby) en Carin Barnard (SR-lid: Sport)
**Curriculum Vitae:**
**Skool:**
Hoofdogter: Paarl Gimnasium
Junior Burgermeester: Paarl Stadsraad
Uitgenooi na Die Burger se Jeugleierkonferensie
Lid van Debatsbestuur
ACSV Kringleier
Erekleure: Akademie en Sport
**Universiteit:**
Eerstejaarsleier: Erica
Sekretaris van SR-subkomitee: Sport Lid van US hokkie-span
KJA kringleier
Lid van Erica tafeltennis- en muurbalspanne
**Portefeuljekeuses:**
1. Sport
2. Leierskapsontwikkeling
**Beleidsverklaring:**
EK stel myself beskikbaar as kandidaat vir die SR, omdat ek die volgende glo en dit graag verwesentlik wil sien: Ons lewe in 'n tyd van veranderings en hierdie veranderings raak ook die Universiteit en verwante organisasies. Om bewerings soos "die SR is irrelevant" uit te skakel, moet daar 'n grootskaalse herstrukturering van die SR-portefeuljes plaasvind - om 'n praktiese voorbeeld te noem: Die SR-subkomitee: Sport.

Ek stel 'n Sportkomitee voor wat sal bestaan uit die SR-lid vir sport asook die HK's vir sport. Sodoende behoort "Mickey Mouse"-bedrywighede uitgeskakel te word, en die inisiatief aan koshuise en privaatwyke oorgelaat word. Die beskikbare fondse behoort op 'n pro rata wyse aan hierdie instansies gekanaliseer te word.

Finansiële kontrole oor instansies soos Administrasie, HK's, SR asook verenigings deur middel van 'n onafhanklike finansiële beampte.

Die rol wat studente kan speel in die bepaling van reëls en beleid mag nie onderskat word nie en daarom glo ek dat SR-lede sittingsreg sowel as stemreg op alle relevante komitees moet verkry.

Ek glo dat 'n verantwoordelike SR op Stellenbosch van kardinale belang is. Ek onderneem om in ooreenstemming met my beleidsverklaring my taak na die beste van my vermoë te verrig.



## JUDY KOTZÉ

**Judith Johanna Kotzé**
Studentenommer: 90-13393
Kursus: BA (Teol) III
**Voorsteller:** Johan van der Merwe (Onder-voorsitter: SR)
**Sekondante:** Frans van Wyk (SR-lid: 90-1), Ritz de la Bat (SR-lid, prim: Wilgenhof), James Liebenberg (Voorsitter: KJA), Carin Barnard (SR-lid) en Caro Kriel (SR-lid)
**Curriculum Vitae:**
**Skool:**
Lid van leerlingraad
Onder-voorsitter: CSV
Kaptein: eerstespan tennis
**SA Leërvrouekollege:** (88-89)
Kringleier
Koorhulpdirigent
Staandemag korporaal: Kmdmt OVS
Lid van redaksie: Esti Parati
Deeltydse studies UOVS Cum laude
**Universiteit:**
**1990:** Eerstejaarsleier
Lid van redaksie: Boschgasie (Beste koshuisblad)
Uskor-vrywilliger (bladleeswerk)
Lid van eerstespan tennis (koshuisliga-finale)
Ekumene-komitee en Soweto-toer
Geestelike leier: Stranddiens Gouritzmond
**1991:** Tweedejaarsleier
Lid van kultuurkomitee
Kringleier
Lid van hoofredaksie: Dinamiek
Uskor-vrywilliger (koorafrigting en werkverskaffing)
Lid van Vredesaksie-komitee
Geestelike leier: Stranddiensspan Gouritsmond
**1992:** Lid van Huis ten Bosch HK
Voorsitter: Samaritanus (Uskor-vrywilligerskomitee)
Uskor: Dagbestuurslid
Uskor: Onder-voorsitter: Direksie
Hoofredakteur: Dinamiek
Bestuurslid: KJA
Kringleier
**Portefeuljekeuses:**
1. Uskor
2. Media
**Beleidsverklaring:**
EK stel myself beskikbaar as kandidaat vir die Studenteraad omdat ek glo in myself en weet wat ek het baie om te bied. Die studente kieserskorps is primêr verantwoordelik vir die relevansie al dan nie van die Studenteraad. Daarom is dit wenslik om vir individue met meriete te stem.

Dis tog voor die hand liggend dat ondervinding belangrik is, omdat dit die basis is waarvandaan SR-portefeules aangepak word, maar om werklik sukses te behaal moet ek byvoeg, speel entoesiasme, inisiatief en veral deursettingsvermoë 'n deurslaggewende rol.

Ek glo in geregtigheid, die aktiewe bevegting van alle diskriminasie op grond van ras, geslag en geloof,
die potensiaal van die vrou en in bevoegde leierskap.

Hier is jou kans, stem reg.

## QUINTIN LEWARNE

Studentenommer: 89-38466
Kursus: BA III
**Voorsteller:** Erica Venter (SR-voorsitter)
**Sekondante:** Dennis Beukes, Christa de Swardt (Nasionale Jool), Pieter Malan (Hoofredaksie: Die Matie), Annette Busse en Ilse Grobler
**Curriculum Vitae:**
**Universiteit:**
**1990:** Karnavalkomitee
SR Subkomitee: Uskor
**1991:** Karnaval: Uitvoerende Komitee
SR Subkomitee: Uskor
Kontakkomitee: Vaste lid
**1992:** Karnavalvoorsitter
Nasionale Jool: Ondervoorsitter SR
Subkomitee: Uskor-ondervoorsitter
Kontakkomitee: Vaste lid
Radio Matie: Omroeper
**Portefeuljekeuses:**
1. Uskor
2. Sosius
**Beleidsverklaring:**
Welsynsinstansies soos Uskor word weens die veranderende sosiale en ekonomiese omstandighede in Suid-Afrika al hoe belangriker. Daarom wil ek probeer om USKOR breër en meer intensief te bemark.

Fondsinsameling en samewerking



met borge moet 'n integrale deel wees van die portefeulje. 'n Aksie soos die Uitsig-kinderprojek kan net voortgaan as meer deskundige kennis ingespan word.

Sosiale bewustheid moet baie meer ingeskerp word. Die beveiliging van studente op kampus kort dringend aandag, veral seksuele teistering en diefstal in koshuise. Meningsopnames soos die van Lost kan die probleme beter identifiseer sodat dit aangespreek en opgelos kan word.



## JAMES LIEBENBERG

Studentenommer: 86-15438
Kursus: BTh III
**Voorsteller:** Johan van der Merwe (Onder-voorsitter: Studenteraad)
**Sekondante:** Morné van der Merwe (SR-lid: Akademiese Belange), Erica Venter (SR Voorsitter), Ilse Hanekom (Prim: Nerina), Suzaan Nothnagel (SR-lid: Vrouekoshuise) en Ritz de la Bat (SR-lid)
**Curriculum Vitae:**
**Skool:**
Leerlingraadslid van Hoërskool Strand
Voorsitter van Debats- en Kultuurvereniging
CSV-bestuurslid en -kringleier
Lid van eerstespan rugby
Lid van atletiekspan
Kadetdrilinstrukteur
**Nasionale diensplig:**
**1984:** Offisierskursus by Artillerieskool (tweede luitenant)
**1985:** Luitenantbevorderingskursus
Organiseerder van 1200 km-fietstoer
Kerkraadslid
**Universiteit:**
**1986:** Admissiebondtoer
Getuienisaksie
Kringleier
**1987:** Lid van Sendingweekkom
**1988:** Lid van Gazankulu-werkspan
Geestelike leier van Lamberts Stranddiensspan
**1989:** Sendingweekvoorsitter
Lid van KJA-bestuur
Kerkraadslid
SCAS-lid
Slaag toergidseksamen
**1990:** Dagbestuur van Studente
Blok-ouderling Ekumene-toer
Swaziland Evangelisasie-aksie
Loodsingskomitee vir Eenheidsdag
**1991:** Sendingweekvoorsitter
Lid van KJA-bestuur
Sendingblokleier
Dagbestuur van Studentekerk
Kerkraadslid: Hoofouderling
PSO-wyke
Los af as predikant op Kenh
(Desember)
Lid van BTK
**1992:** KJA-Voorsitter
Vaste lid op predikante-vergade
van Studentekerk
Dagbestuur van Studentekerk
Permanente lid op SR-kontakko
tee
Voorsitter: Interkerklike verg
ring op kampus
Voorsitter: Aktualiteitsweek
Lid van Stellenbosch Indaba
**Portefeuljekeuses:**
1. Verenigings
2. Leierskapsontwikkeling
**Beleidsverklaring:**
MATIELAND is vir my belang en daarom is die belange van Ma vir my eerste prioriteit.

Ek wil geen leë beloftes maak Maar ek verbind myself daartoe, indien ek deur jou tot die SR verk word, ek die werk wat na my k toe kom so goed as moontlik doen. As SR- lid sal ek bereid w om meer as net die verwagte m mum te doen.

Die SR is daar om al die stude se belange te verteenwoordig. Ek poog om sensitief te wees vir die hoeftes van die studente-unie en elke saak op meriete te evalueer.

Ek stel my verkiesbaar sodat Matieland kan dien met die tale wat ek ontvang het.



## CHRIS LOMBARD

Studentenommer: 89-31542
Kursus: BA III
**Voorsteller:** Erica Venter (S voorsitter)
**Sekondante:**
Morné vd Merwe (SR lid: Akadem se Belange), Daniel Erasmus (SR-li Studentebelange en Neelsie), Gr gory Botha (SR-lid: Spog), Johann van Niekerk (NP-Voorsitter) Marlisa Shreuder (Prim: Hu Neethling)
**Curriculum Vitae:**
**Skool:**
**1986:** Matrikuleer aan Hoërsko Bellville
Beste redenaar
Kaptein: Gholfspan
Lid van 0/19A rugbyspan
**Nasionale diensplig:**
**1987:** Offisierskursus (Infanterie skool)




MONTÉ MARITZ

VAN DIE STUDENTE DEUR DIE STUDENTE
VIR DIE STUDENTE

**1988:** Grensdiens: Direktoraat Spesiale Take
**Universiteit:**
**1989:** Inwoner van Majuba
BA Regte I
Lid van sosiale komitee
Semifinalis in Eerstejaarsredenaarskompetisie
Markotter-rugbytoer
**1990-91:** HK-lid (Sekretaris): Majuba
Kaptein: Majuba eersterugbyspan
Lid van Cravens en Maties tweedespan (91-92)
Prim: Majuba
Voorsitter: Primkomitee
SR-lid: Manskoshuise
SSD-Afgevaardigde
**Portefeuljekeuses:**
1. Leierskapsontwikkeling
2. Klere en Erekleure
**Beleidsverklaring:**
EK wil nie goue berge belowe nie, dog die volgende is my vaste oortuigings en voornemings: SR-portefeuljes moet dinamies wees in die sin dat dit tred met studentebehoeftes moet hou.

Studente geniet in 'n toenemnde mate sitting in besluitnemingsliggame waar besluite hulle direk raak. As voorsitter van die Primkomitee het ek hierdie demokratiseringsproses ervaar. Dus kan 'n student op Stellenbosch dit nie meer bekostig om onbetrokke te wees nie. My betrokkenheid sal ek graag in 'n volgende termyn wil vergestalt.

Studente moet 'n direkte kanaal hê waarlangs hulle enersyds insette kan lewer, en andersyds ook SR-lede tot verantwoording kan roep. Die SR-kantoor, Die Matie en die kontakkomitee voorsien nie genoegsaam in hierdie behoefte nie.

Gereelde openbare vergaderings moet gehou word sodat studente voortdurend op hoogte gehou kan word van portefeulje-bedrywighede.

Ek is 'n realistiese optimis en glo dat ek 'n daadwerklike bydrae in 'n dinamiese SR kan lewer. Ek stel my met suiwer motiewe verkiesbaar met die wete dat ek met die krag van Bo my taak na die beste van my vermoë sal verrig.



## MONTÉ MARITZ

Studentenommer: 89-50806
Kursus: B Comm
**Voorsteller:** William Macdonald
**Sekondante:** Erica Venter, Willem Kempen, Magriet Burger, Quintin Lewarne en Daniel Erasmus
**Curriculum Vitae:**
Redakteur: Die Matie (91/92)
Voorsitter: US Brugklub (91/92)
SR-Mediakomitee (91/92)
SR-Kontakkomitee (91/92)
Nuusredakteur, Sportredakteur, Nuussubredakteur: Die Matie (89-91)
Matriek: Paul Roos-Gimnasium (88)
Junior Stadsraad: Somerset-Wes (86-88)
**Portefeuljekeuses:**
1. Bemarking
2. Leierskapsontwikkeling
**Beleidsverklaring:**
EK glo nie 'n liggaam wat deur 'n massa verkies word kan daarna outomaties aanneem dit kan namens die massa optree nie. En ek voel dít is 'n groef waarin die SR (en baie ander organisasies) telkens vasval.

Deur te dink bloot omdat hul deur 'n meerderheids-studentestem verkies is, wil die SR van Stellenbosch altyd na eie goeddunke doen en sê wat hulle dink goed en reg is, en verloor hulle dikwels die steun en belangstelling van daardie groep op wie hul magsbasis rus.

Ek dink die SR moet ophou om so hard te probeer om relevant, polities korrek en intellektueel vernuwend te wees. Dit moet eerder 'n aanpasbare magsinstrument wees waardeur alle studente hul individuele en groepsbehoeftes kan kanaliseer. Sodoende word die SR eerder 'n werktuig in die hande van die studente, en nie andersom nie.

Ek sê nie ek kan alles binne een jaar verander nie. Ek sê nie die SR gaan skielik doen presies wat julle wil hê nie. Ek dink net as daar meer mense op die SR is wat glo dit is 'n liggaam van die studente, deur die studente, vir die studente, kan ons miskien op 'n gereelder basis meer entoesiasme onder die studente vir die SR kweek.

En miskien kan ons 'n SR bou waarvoor meer as ongeveer 'n derde van die studente op kampus bereid is om te stem.



## MORNÉ MOSTERT

Studentenommer: 91-01950
Kursus: BA Regte
**Voorsteller:** Ritz de la Bat (SR-lid 90-92)
**Sekondante:** Alison April (SR-lid: Kultuur), Frans van Wyk (Scas-voorsitter), Izak Viljoen (Musicultus-voorsitter), John Trytsman (Maties eersterugbyspan) en Carina Schoeman (Onder-Prim: Huis De Villiers)
**Curriculum Vitae:**
**Skool:**
Lid van Leerlingraad
Lid van OP Jeugkoor
Finalis in SE Cape Public Speaking
Akademiese erekleure
Voorsitter: Latynvereniging
Sangtrio: SAUK-opnames
Lid van PE Music Society
Lid van orkes
Lid van eerstetennisspan
**1991:** Eerstejaarsleierskapkursus
Lid van US Koor
ATKV Regisseurskursus
Hulpdirigent: Die Kraaie
Lid van Wilgenhof sokkerspan
**1992:** Lid van Stellenbosch Indaba
Dirigent: Die Kraaie
Hoofredakteur: Wilgenhofblad Radaksielid: Die Matie
US Toneelfees-komitee
Lid van SA Klassieke Vereniging
Lid van Wilgenhof sokker- en koshuishokkiespan
**Portefuljekeuses:**
1. Media
2. Kultuur
**Beleidsverklaring:**
EVERY student, irrespective of age, sex or cultural heritage has the right to the full developement of his or her individual potential. I do, however, also believe in the power of student unity.

Alhoewel akademie 'n hoë mate van dissipline vereis, het studente, binne hierdie raamwerk, steeds aanspraak op uitgebreide lewensvryhede – 'n aspek wat sentraal staan in enige demokratiese bestel.

Gevolglik sal ek, met die ondersteuning van die studente, poog om 'n platvorm vir dialoog te skep wat ek hoop die nodige MOTIVERING sal verskaf vir MOBILISERING teen enige beperking op sodanige vryhehede. Dit is die kruks van my veldtog.



## NIEL ROUX

Studentenommer: 89-19984
Kursus: LLB II
**Voorsteller:** Daniel Erasmus (SR-Lid: Studentebelange en Neelsie)
**Sekondante:** Dirk van Eeden (Hoofredakteur: Die Matie), Hannatjie Coetzee (Prim: Serruria), Gregory Botha (SR-lid: Spog), Johann Archer (TSR) en Maretha Zaayman (Voorsitter: Intervarsity)
**Curriculum Vitae:**
**Skool:**
Hoofseun: Hoërskool de Villiers Graaff
Kaapse Onderwysdepartement: Provinsiale jeugleier
Lewer toespraak oor arbeidsverhoudinge tydens Jeugleierskonferensie
Voorsitter: Debatsvereniging
Redakteur: Skoolkoerant
Boland ATKV Redenaarskompetisie: tweede plek
**Universiteit:**
Lid van Helshoogte Karnavalkomitee (89-90)
Lid van Studentekerkkoor (90-91)
Onder-voorsitter en tesourier: Helshoogte Karnavalkomitee (90-91)
Lid van SR-subkomitee: Studentebelange (90-91)
Betrokke by Toastmaster International (Bevordering van leierskap- en kommunikasievaardighede)
Lid van US Karnavalkomitee (Vlotoptog) (91-92)
Lid van US Intervarsity-komitee (Big Brag) (92)
Studente vir Menseregte (Stem): Fasiliteerder vir onderwys in menseregte
Verwerf BA (Regte) (91)
Lid van SR-subkomitee: Bemarking (91-92)
Onder-voorsitter: SR-subkomitee: Studentebelange
**Portefeuljekeuses:**
1. Studentebelange
2. Bemarking
**Beleidsverklaring:**
DIE doel van die SR is om as verteenwoordiger vir die student, en dit wat vir hom of haar belangrik is, op te tree.

Die afgelope aantal jaar het 'n verwydering tussen die SR en die studente teweeggebring, met die gevolg dat die SR sonder kiesers, en die kiesers sonder verteenwoordiging gelaat is.

Die tyd het aangebreek om hierdie verwydering te oorbrug.

Die SR moet 'n balans vind tussen die hantering van "groot" vraagstukke, en die aanspreek van studente se "alledaagse" probleme en behoeftes. Die een is net so belangrik as die ander.

Die student se probleme en behoeftes moet derhalwe geïdentifiseer word. "Kom kla my bra", 'n projek deur vanjaar se Studentebelange, behoort voortgesit en uitgebrei te word.

Die plig rus egter op elke SR-lid, en nie slegs Studentebelange nie, om probleme, wat sy of haar portefeulje raak, te identifiseer en aan te spreek. Om dit te bewerkstellig moet effektiewe kommunikasiekanale tussen die SR en die studente geskep te word. Dit kan moontlik die vorm van openbare vergaderings, 'n SR-aansteekbord, SR-posbus, of elektroniese kennisgewingbord aanneem.

Die SR moet ook die studente-unie as geheel verteenwoordig. Dit sluit in skakeling met die universiteitsowerhede sowel as die algemene publiek. Verteenwoordiging by die owerhede kan slegs sinvol wees indien die SR sitting sowel as stemreg op die raad en die senaat het. Sonder hierdie bevoegdhede is verteenwoordiging immers van min waarde.

Om aan die voorpunt van die verandering in Suid-Afrika te bly is dit van kardinale belang dat die universiteitsowerhede en die Studenteraad gedurende die komende termyn die universiteit op die pad van demokrasie met beskerming van menseregte en sonder diskriminasie, sal plaas.



## CARLÉ SHARP

Studentenommer: 90-37950
Kursus: BA
**Voorsteller:** Carin Barnard (SR-lid)
**Sekondante:** Alison April (SR-lid: Kultuur), Erica Venter (SR-voorsitter), Gregory Botha (SR-lid: SPOG), Chris Smit (Prim: Eendrag) en Santjie Botha (Prim: Lydia)
**Curriculum Vitae:**
**Skool:**
Hoofmeisie van Oranje Meisieskool (Bloemfontein)
Senior Sertifikaat: Gemiddelde A (4 onderskeidings)
Onder-Burgermeester: Bloemfontein Junior Stadsraad
Voorsitter: Bloemfontein Kultuurkomitee
Lid van OVS Jeugkoor en skoolkoor
Wenner: OVS Opstelkompetisie
Naaswenner: OVS Skrywersgilde Nasionale Opstelwedstryd
Naaswenner: ATKB Nasionale Redenaarskompetisie
Redakteur: Skoolkoerant
Redaksielid: Provinsiale koerant
Voorsitter: Musiekvereniging
Skooltrofee vir besondere kultuurprestasie
Skooltrofee vir veelsydigheid
Lid van OVS swemspan
Lid van OVS tweekampspan
Lid van skool se eerste hokkie- en swemspanne
**Universiteit:**
**1990:** BA I(Sielkunde)
Lid van redaksie: Die Matie
Lid van redaksie: Bulletin
Naaswenner: Eerstejaars-redenaarskompetisie
Lid van Nemesia-swemspan
**1991:** BA II
Voorsitter: Nemesia Tweedejaarskomitee
Lid van SR-subkomitee: Spog
Lid van redaksie: Die Matie
Lid van Nemesia-swemspan
**1992:** BA III
Onder-prim: Nemesia
Lid van SR-subkomitee: Spog
Lid van SR-subkomitee: Kultuur
Lid van redaksie: Koshuisnuusblad
Regisseur: Koshuistoneel
Voorsitter: Straatteater
Lid van Nemesia-swemspan
**Portefeulje-keuses:**
1. Kultuur
2. SPOG
**Beleidsverklaring:**
OMDAT ons vandag onvermydelik deel is van 'n oorgangsfase in Suid-Afrika, op politieke, sosiale en ekonomiese gebied, glo ek dat oop onafhanklike denke genoodsaak word. Dit is daarom dat ek ook onafhanklik staan. Ek dink dat 'n mens situasie-georiënteerd moet wees in plaas daarvan om naarstigtelik aan bepaalde geykte ideologieë vas te klou.

Daar rus 'n groot verantwoordelikheid op elke Suid-Afrikaner om die regte keuses vir die toekoms te maak en ek dink as 'n mens krities en analities bly ten opsigte van jou keuses, denke en dit wat spesifieke situasies van jou vra, kan jy nie verkeerd gaan nie.

Ek staan vir die kultuurportefeulje omdat ek dink dat ons deur middel van kultuur die nodige bande kan bou in die nuwe Suid-Afrika. Indien ek verkies word, sal ek onder andere poog om beter koördinering te bewerkstellig tussen kultuurverenigings op kampus om ootsenoe kultuuraktiwiteite uit te skakel.

Ek sal ook die Straatteaterportefeulje wil uitbrei sodat ook meer kunstenaars, amateur en professioneel, en van 'n verskeidenheid van kulture op kampus kan optree. Straatteater moet meer toeganklik gemaak word sodat veral koshuise daarin deel kan hê. Ek glo dat ek die ondervinding het en bekwaam genoeg is om op die Studenteraad te kan dien.

## MORNÉ VAN DER MERWE

Studentenommer: 89-22802
Kursus: LLB II
**Voorsteller:** Erica Venter (SR-Voorsitter)
**Sekondante:** Johannes van Niekerk (NP Voorsitter), Caro Kriel (SR-lid: Sosius en Media), Daniel Erasmus (SR-lid: LSS en Studentebelange), Piet Nieman (SR-lid: Sport en Intervarsity) en Chris Lombard (Voorsitter: Primkomitee)
**Curriculum Vitae:**
**Universiteit:**
**1989:** Eerstejaarseksieleier: Hels-


CARLÉ SHARP

WEES SKERP, STEM SHARP



## NOMINASIES

hoogte
Jeugkrag: Koshuisverteenwoordiger
Helshoogte: Dirigent by eerstejaarsatletiek
**1990:** Jeugkrag: Sekretaris en uitvoerende komitee
Sekretaris: SR-subkomitee: Akademiese belange
Lid van SR-subkomitee: Spog
Redaksielid: Jeugkrag Joernaal
Onder-voorsitter: Wes-Kaapse Evangelisasie Aksie
Jeugkrag: afgevaardige na Natal
**1991:** SR-lid: Akademiese belange en erekleure
Voorsitter: Jeugkrag
Voorsitter van Stellenbosch Indaba
Voorsitter van registrasie ondersoek-komiteee
Jeugkrag afgevaardige na Transvaal
Lid van Jeugkrag dinkskrum gemoeid met die transformasie van SA universiteite.
Jeugkrag afgevaardige na ontmoeting met Young Christian Democrats of Europe te Pretoria.
Ex officio lid van die US Biblioteekkomiteee
Ex officio lid van US Beurse en Lenings-komitee
Studenteleier seminaar te Fleur de Cup
**1992:** SR-lid vir Akademiese Belange, klere en ereklere
Voorsitter: Stellenbosch Indaba
Ex officio-lid van US Biblioteek-komitee
Ex officio-lid van US Beurse en Lenings-komitee
Lid van SR ad hoc ondersoekspan rondom herstrukturering van georganiseerde studentelewe
**Portefeuljekeuses**
1. Akademiese Belange
2. Spog
**Beleidsverklaring**
Dit was Martin Luther King Jr wat per geleentheid gesê het: "I have a dream." My droom vir hierdie universiteit is dat Stellenbosch die tuiste moet bly van kritiese denke en akademiese debat.

'n Akademiese instelling waar daar gestreef moet word na akademiese uitnemendheid ten einde na-



sionaal en internasionaal mededingend te bly. Hierdie strewe moet egter gepaard gaan met inagneming van SA se eiesoortige sosio-ekonomiese realiteite.

Dit is so dat daar drastiese aanpassings gemaak sal moet word ten einde hierdie droom 'n realiteit te maak. Die SR het dan veral op hierdie gebied in substantiewe rol om te speel.

Die tyd het aangebreek vir die implementering van meganismes om akademiese regverdigheid en vooruitgang teweeg te bring. Ek het die afgelope jaar as SR-lid vir Akademiese Belange deur gesprekvoering met administrasie die fondamente gelê vir die daarstel van meganismes wat insluit 'n Handves vir Akademiese Regte en Verpligtinge en die instelling van 'n Akademiese ombudsman.

Ek onderneem om indien ek tot die SR verkies word vir die komende termyn, voort te bou op hierde fondamente.

DIE MATIE word uitgegee deur die eienaar, die SR van die US. DIE MATIE word geset en gedruk deur Nasionale Media Bpk, Heerengracht 40, Kaapstad.



## ANDRÉ VAN DER SPUY

Studentenommer: 88-29934
Kursus: LLB
**Voorsteller:** Suzaan Nothnagel (SR-lid: Vrouekoshuise)
**Sekondante:** Morné van der Merwe (SR-lid: Akademiese Belange), Pierre van der Walt (Onder-prim: Dagbreek), Gregory Botha (SR-lid: SPOG), Piet Nieman (SR-lid: Verenigings en Intervarsity) en Chris Lombard (Voorsitter: Primkomitee)
**Curriculum Vitae:**
**Skool:**
Onderhoofseun: HJS Paarl
Hoofseun: Monte Bello-koshuis
Dux-leerling
ACSV: Voorsitter
Eerstespan rugby en tennis
**Universiteit:**
**1988:** Lid van US tennisspan
Lid van US 0/19 rugbyspan
Lid van Eendrag eerstespan rugby
Lid van Eendrag tweedespan tafeltennis
Swaziland evangelisasieaksie
Eendrag koffiekroeg
**1989:** Tweedejaarsleier
Voorsitter: Vroue Touch-komitee
SCAS-kringleier
Lid van US tennisspan,
Lid van klubkomitee: US tennis
Lid van US Jongspanrugby
Lid van Eendrag eersterugbyspan
Eendrag Karnaval: Voorsitter van reklame/klubkomitees
**1990:** Verwerf B Rek-graad
Lid van Eendrag HK: Karnaval Raadgewer
Lid van US-tennisspan
Kaptein: Eendrag eersterugbyspan
Kaptein: Eendrag tweederugbyspan
Lid van Eendrag landloop-, tafeltennis- en sokkerspanne
SCAS-kringleier
**1991:** Prim: Eendrag
Uitvoerende komitee: Primkomitee
SCAS-kringleier
Lid van Eendrag eersterugbyspan
Lid van Eendrag tennisspan
Lid van US Ad hoc-komitee: Vrouebesoeke aan mans
SSD-afgevaardigde
**1992:** SR-lid: Leierskapsontwikkeling, Tesourier
Voorsitter: KERS
**Portefeuljekeuses:**
1. Tesourier
2. Leierskapsontwikkeling
**Beleidsverklaring:**
STELLENBOSCH is by 'n kruispad. Die grootskaalse sosiale, politieke en ekonomiese veranderings in die breë Suid-Afrikaanse gemeenskap veroorsaak 'n ongekende onsekerheid en negatiwiteit. Ons is onseker - onsekerheid wat strek van die werkloosheid in die land tot ons tradisies wat in die gedrang kom hier op Stellenbosch.

Institusionele apatie (sê die mense wat glo weet) is een van die uitstaande kenmerke van 'n samelewing in onsekerheid. Ons verloor ons vertroue in die vermoë van alle institusionele organe om ons lewensruimte te verbeter. Die Studenteraad, soos gewoonlik, spring nie hierdie vertrouenskrisis vry nie.

Die kruispad impliseer egter ook 'n keuse. Die maklike keuse is om ons koppe in die grond te druk. Die moeilike keuse is om te probeer om hierdie gees van onafwendbaarheid om te keer. Die Studenteraad het nou die geleentheid om te poog om sodanige aanpassings te maak om nader te beweeg aan die werklike behoeftes van die student in die neëntigs.

Ek glo dat die tydsgees nou ryp is hiervoor. Stellenbosch het die potensiaal om weer een van die leiers te word in die universitêre gemeenskap. Ons kort net die "guts".

Idealisties? Clichéagtig? Indien ons werklik die "generasie van hoop" is, soos die advertensie lui, moet ons bly hoop en werk vir 'n beter Suid-Afrika en Stellenbosch. Ons is dit verskuldig aan dié wat voor ons hier was en veral dié wat nog gaan kom. Maar bo en behalwe is ons dit verskuldig aan God.



## PIERRE VAN DER WALT

Studentenommer: 89-03522
Kursus: BTh I
**Voorsteller:** Piet Nieman (SR lid: Verenigings)
**Sekondante:** Chris Lombard (Voorsitter: Primkomitee), Johannes van Niekerk (NP-Voorsitter), Erica Venter (SR-Voorsitter), André van der Spuy (SR-lid) en Stiaan Burden (Prim: Dagbreek)
**Curriculum Vitae:**
**Skool:**
Hoofseun: Hoërskool Riebeeck
Onder-kaptein: Skoolatletiekspan
Kaptein: eersteskaakspan
Voorsitter: ACSV
Kaptein: eersterugbyspan
Onder-voorsitter: EKJA
Voorsitter: SKJA
Ringjeugverteenwoordiger: SKJA
**1987:** Offisierskursus in Lugmag (tweede luitenant)
**1988:** Seksieleier
KJA: Eerstejaarsleier (Dagbreek)
KJA: Eerstejaarskomitee
Lid van eerstejaarsrugbyspan 0/21 (Dagbreek)
Lid van eerstejaarsstoeispan (Dagbreek)
Lid van atletiekspan (Dagbreek)
**1990:** Tweedejaarskomitee: Dagbreek
KJA: Eerstejaarskomitee
Rugby: Dagbreek
Atletiek: Dagbreek
Basketbal: Dagbreek
Sokker: Dagbreek
**1991:** KJA Eerstejaarskomitee: Voorsitter
Kerkraad Studentekerk
KJA-Bestuur: Studentekerk
Huiskomiteelid: Dagbreek
Skeidsregter 5de span: Dagbreek
Behaal die graad BA (Teologiese Studies)
**1992:** Onder-prim: Dagbreek
Lid van tugkomitee: Dagbreek
VVO: Dagbreek
Uitvoerende Komitee: Dagbreek
Kwalifiseer as Pastorale Hulpwerker by Tygerberg hospitaal
Skeidsregter 5de span: Dagbreek
**Portefeuljekeuses:**
1. Leierskapontwikkeling
2. Kleure en Erekleure
**Beleidsverklaring:**
AS Christen stel ek myself diensbaar aan die studente van die Universiteit van Stellenbosch.

Die nuwe era wat Stellenbosch betree verg verantwoordelike studenteleiding. Ek is oortuig dat ek oor die nodige vermoë beskik om jou as Matie se belange eerste te stel.

Dit sal my doelstelling wees om te alle tye die naam van ons Universiteit uit te bou en al my pligte met die nodige lojalitiet en tot die beste van my vermoë verrig.



## ARNÉL VENTER

Studentenommer: 90-04750
Kursus: BA (gewoon) III
**Voorsteller:** Erica Venter (SR-Voorsitter)
**Sekondante:** Caro Kriel (SR-lid), Daniel Erusmus (SR-lid), André Louw (SR-lid), Jan van Zyl (Onderprim: Eendrag) en Ilse Hanekom (Prim: Nerina)
**Curriculum Vitae:**
**Skool:**
Matrikuleer aan Hoërskool DF Malan
Redaksielid: skoolkoerant
Akademiese en kulturele erekleure
**Universiteit:**
**1990:** Eerstejaarsverteenwoordiger: Nerina
Eerstejaarsatletiek-dirigent
Intervarsity-dirigent
Redaksielid: Dinamiek
Transkeiwerkerskamp
Lid van Karnavalkomitee
Lid van huisfondskomitee
Redaksielid van koshuiskoerant Lid van koshuisnetbalspan
**1991:** Tweedejaarverteenwoordiger in Nerina
Redaksielid: Dinamiek
Transkeiwerkerskamp-spanleier en bestuurslid
Lid van SR-subkomitee: Leierskapsontwikkeling
Lid van SR-subkomitee: Sosius
Lid van Karnavalkomitee
Bladredakteur: koshuiskoerant
Lid van huisfondskomitee
**1992:** Lid van Nerina HK: Karnaval, Uskor, Hennedinee en Lentedag
Onder-voorsitter: SR-subkomitee: Sosius
Transkeiwerkerskamp: spanleier en hoofbestuurslid
TWB-bestuurslid
**Portefeuljekeuses:**
1. Sosius
2. Spog
**Beleidsverklaring:**
EK glo aan absoluut studentwees - om die volle kwaliteit mens te wees wat jy kan. Dít is vir my slegs moontlik as jy bewus is van al die geleenthede wat Stellenbosch vir jou bied, dit aangryp en geniet en ook daagliks nuwe geleenthede skep.

Die Studenteraad is besig om hulleself aan te pas om juis dít waar te maak. Jou studenteraad moet deurentyd bewus bly van jou belange en behoeftes om sodoende die beste vir jou te kan gee.

Ek sal ter wille van jou studentwees my portefeuljes op 'n entoesiastiese, kreatiewe wyse aanpak. Jou belange is die enigste maatstaf waarvolgens ek my werk sal aanpak. Die studenteraad is 'n liggaam vir jou, jy as student stel dit saam. Daarom sal ek vir jou tot diens wees en vir jou verteenwoordigend optree.

In hierdie tye van diepgaande veranderinge, is dit noodsaaklik dat die studenteraad 'n waardevolle ambassadeur vir die Universiteit van Stellenbosch sal wees. Elke SR-lid moet oor die vermoeë beskik om die ware beeld van die Universiteit, soos gesien deur die meerderheid studente, te kan uitdra. Dit plaas 'n verpligting op elkeen om in noue kontak met die studente se behoeftes en idees te bly.

Bo alles bly dit vir my fantasties om so vrylik op Stellenbosch Christen te wees en te kan dien. Ek stel myself bereid om jou verteenwoordiger te wees sodat jou behoeftes werklik bevredig kan word.



## MARETHA ZAAYMAN

Studentenommer: 89-10162
Kursus: LLB II
**Voorsteller:** Erica Venter (SR-Voorsitter)
**Sekondante:** Gregory Botha (SR-lid: Spog), Piet Nieman (SR-lid: Verenigings en Intervarsity), Suzaan Nothnagel (SR-lid: Vrouekoshuise), Ritz de la Bat (SR-lid, prim: Wilgenhof) en Johan van der Merwe (Onder-voorsitter: SR)
**Curriculum Vitae:**
**Skool:** Lid van leerlingraad: Hoërskool Swartland
Akademiese- en leirskapserekleure
Lid van eerstespan netbal
**Universiteit:**
Lid van Nerina netbal-, pluimbal- en tennisspanne (89)
Lid van Nerina netbal-, tennis- en pluimbalspanne (90)
Kringleier
Lid van US pluimbalspan
Lid van Intervarsity-komitee (91)
Voorsitter: Intervarsity-komitee (92)
**Portefeulje-keuses:**
1. Intervarsity
2. Verenigings
**Beleidsverklaring:**
EK glo dat die SR 'n baie belangrike instansie is omdat dit die enigste vorm van verteenwoordiging vir die studente is. Juis om hierdie rede is dit baie belangrik dat studente sal stem vir mense met meriete en vir mense met die potensiaal en entoesiasme om die werk te doen.

Die studente is immers die mees belangrike komponent van die universiteit en daarom is ek 'n groot voorstander daarvan dat elke Matie in staat moet wees om sy of haar sê te sê en vry moet voel om dit te kan doen - en dat daardie stem gewig sal dra.

Dít kan bereik word deur die aanpassing en verandering van strukture en deur verteenwoordiging vir die studente op alle vlakke en in alle strukture van die universiteit te beding.

Verder glo ek dat daar baie beter en meer effektiewe kontrole oor finansies moet wees. Wat met die fondse gedoen word, moet oor die algemeen openbaar gemaak word sodat studente kan sien presies wat met hulle geld gedoen word - en dit geld op universiteits-, vereniging- en privaatwykvlak.

Ek glo dat ek bekwaam en entoesiasties genoeg is om die taak te verrig. Ek is lojaal teenoor die studente, ideale en tradisies van die Universiteit van Stellenbosch en sal alles in my vermoë doen om dit tot volle potensiaal te laat kom.

NEDBANK
AS JY ERNSTIG IS OOR GELD